## *Groei in dankbaarheid*



# Prospektus 2026

JORDANIA PRIMÊR

ONS BOU

DANKBAARHEID | RESPEK | VERANTWOORDELIKHEID | UITNEMENDHEID

# Ons Personeel

Skoolhoof: **Stefan Bester**

Adjunkhoof:

Dep/Hoof: Gr 4 -7 **Dian van Wyk**

Dep/Hoof: Gr 4 -7

Dep/Hoof: Gr R - 3 **Susan Kruger**

Admin: **Nadine Pretorius**

Admin: **Elizia Gildenhuys**

Finansies: **Estelle Visser**

Finansies **Alta de Beer**

Terreinbestuurder **Ben vd Berg**



**Graad R**

Angé Nel, René de Beer, Linda vd Berg, Wilmi Koen

**Graad 1**

Nadia de Bruin, Erika Knobel, Marina Botha, Dingena de Klerk

**Graad 2**

Yolanda Linström, Zelmi Stemmet, Susan Kruger, Sjhanet Grobler



**Graad 3**

Elsa v Huyssteen, Anika Welman, Elca van den Berg, Jeani Chapman

**Graad 4**

Tanya du Plessis, René van Staden, Irma van Vuuren, Hesté van Niekerk

**Graad 5**

Ben Rheeder, Elicia Jacobs, Hennie Ferreira, Rozelle Hattingh



**Graad 6**

Hercu Breitenbach, Nadia Truter, Dian van Wyk, Natasha Burger

**Graad 7**

Christa Groenewald, Frances vd Schyff, Carli van Schoor, Henro de Bruin

**Elsa-Marié Anderson** Sotho Gr 1 - 3

**Francois Grové** Sportorganiseerder

**Elicia Jacobs** Sportorganiseerder



Ondersteuningsonderrig **Madeleine Harris**

Ondersteuningsonderrig **Carin Botha**



# Jordania Kernwaardes


















# SKOOLTYE

| | | |
|---|---|---|
| **Graad R:** | 08:00 - 12:35 | (Vrydae 12:35) |
| **Graad 1-2:** | 07:30 - 13:05 | (Vrydae 12:45) |
| **Graad 3:** | 07:30 - 13:30 | (Vrydae 12:50) |
| **Graad 4-7:** | 07:30 - 13:40 | (Vrydae 13:00) |

***Hierdie tye is onderhewig aan verandering.***

# SKOOLGELDE

Skoolgelde word gedurende Oktober van elke jaar deur die Beheerliggaam bepaal. Dit kan op die volgende wyses betaal word:

- In een bedrag voor die einde van Februarie van die huidige skooljaar, waar daar dan 'n afslag van 5% per kind op die volle bedrag toegestaan word.
- Tien gelyke paaiemente vanaf Januarie met die finale paaiement teen die einde van Oktober.

Betalings kan as volg gemaak word:

- By finansiële kantoor per kaart;
- Elektroniese oorbetaling (EFT);
- Bewys van inbetaling moet aan die skool voorsien word (betalings@jordaniapri.co.za)

Primêre Skool Jordania

**BANKBESONDERHEDE**

STANDARD BANK
Jordania Primêre Skool
Rek : 042117453
Tak Kode : 055433

# SKOOLDRAG

Die voorgeskrewe skooldrag is by LeRoy en Fanas verkrygbaar. Ons doen `n vriendelike, dog dringende beroep op ouers om ter wille van eenvormigheid te hou by voorgeskrewe skooldrag. Merk asseblief al die skoolklere.

Jordania-Kleurbaadjie: Opsioneel vir Gr. 4-7 leerders. Verpligtend vir raadsleiers.

**Skooldrag vir seuns**



**Somer:**

Grys kortbroek, blou kortmouhemp, skoolkouse (met wit en blou strepe bo) en swart skoolskoene met veters. Op koel dae mag `n v-nek vlootblou (navy) trui, sweetpakbaadjie en oortrektrui (pull-over) gedra word. Gr. 1-5 mag kaalvoet skooltoe kom in die somer. Skoene is verpligtend vir Gr. 6 & 7 leerders.

**Winter:**

Grys langbroek, blou langmouhemp met skooldas, swart skoolskoene met veters, grys kouse (met wit en blou strepe bo) en vlootblou v-nek trui, sweetpakbaadjie en oortrektrui mag gedra word. Almal moet skoene dra in die winter.

**Skooldrag vir meisies**



**Somer:**

Blou skoolrok, kort wit sokkies wat omvou (geen "secret socks") en swart skoolskoene (bandjie oor voet en lae hak – geen skoene met veters). Op koel dae mag `n vlootblou v-nek trui, sweetpakbaadjie en oortrektrui (pull-over) gedra word. Gr. 1-5 mag kaalvoet skooltoe kom in die somer. Skoene is verpligtend vir Gr. 6 & 7.

**Winter:**

Vlootblou (navy) langbroek, vlootblou of wit kouse, swart skoolskoene, blou langmouhemp met skooldas, vlootblou v-nek trui, sweetpakbaadjie en oortrektrui (pull-over) mag gedra word. Almal moet skoene dra in die winter.

# ALGEMEEN

**Dogters:**

Haarlinte mag slegs in skoolkleure wees. Geen bont linte. Haarrekkies mag slegs swart, wit of vlootblou wees. Kopbande wat wit of vlootblou is (sonder blinkertjies) mag gedra word. Geen ringe, hangertjies of armbande is toelaatbaar nie. Fyn goue of silwer oorknoppies of oorringetjies mag gedra word, slegs een in elke oor. Geen gekleurde steentjies of pêrel oorbelle mag gedra word nie. Kleur van hare is nie toelaatbaar nie. Geen grimering mag gedra word nie. Geen krale mag in hare ingevleg word nie. Geen twee kleur hare mag ingevleg word nie.


**Seuns:**

Geen haarlyne, hare moet eweredig gesny word. Kleur van hare is nie toelaatbaar nie.

**Selfone / Horlosie-selfone & Armbande:**

Selfone word voorskool by die kantoor ingehandig en na skool afgehaal. Horlosie-selfone mag gedra word. Geen gebruik daarvan tydens skoolure nie, anders sal dit gekonfiskeer word. Geen armbande is toelaatbaar nie.

# KLEREBANK



Jordania se klerebank verkoop gebruikte skoolklere, nog in goeie kondisie, teen baie beskostigbare pryse. Klere word by die finansiële kantoor betaal. Ouers kan enige tyd skenkings aan die klerebank maak.

**Klerebanktye: Dinsdae – Donderdae 07:30 – 08:30**

**Verlore klere en kosblikke:**

Verlore items word in groot blou houers langs die klerebank gelos. Maak asb seker alle eiendom en klere is gemerk.

# SPORTDRAG

**Atletiek:**

Jordania-atletiekdrag met skoolsweetpak.

**Netbal:**

Jordania sporthempie, vlootblou rompie en broekie, wit kouse / Jorrie-kouse / of versus kouse, sportskoene en skoolsweetpak. GEEN "secret socks" mag gedra word nie.

**Rugby:**

Vlootblou PT-Broekie, rugbytrui word deur die skool voorsien.

**Hokkie:**

Jordania sporthempie, vlootblou rompie en broekie, gestreepte hokkiekouse en sportskoene.

**Krieket:**

Jordania sporthempie en vlootblou LO-broek met krieketkouse en skoolsweetpak.

**Tennis:**

Jordania sporthempie met vlootblou rompie/broekie en wit kouse, Jorrie-kouse of Renoster-versus kouse. Geen "secret socks".

## Sportdag tydens skoolure vir LO:

**Somer:**

Jordania sporthempie en vlootblou Jordania LO broekie. Op koel dae mag `n sweetpakbaadjie gedra word.Geen skoene met liggies is toelaatbaar nie.

**Winter:**

Jordania sporthempie, Jordania skoolsweetpak met sportskoene.

# JORRIEVALLEI

Ons spog met 4 Graad R klasse, wat die jaar al 30 jaar oud is.

By Jordania Graad R fokus ons op individuele aandag en die ontwikkeling van elke kleuter tot gereedheid vir Graad 1 (daarom word daar slegs `n beperkte hoeveelheid kleuters toegelaat).

Jordania Graad R kleuters het geen probleem met aanpassing in Graad 1 nie, omdat hulle stelselmatig blootgestel word aan alles wat die groot skool bied. Ontwikkeling vind dus plaas d.m.v speel. Die "six bricks" konsep en metodes word ook geïmplimenteer d.m.v duplo lego blokkies prakties te gebruik om d.m.v. speel leerders te ontwikkel. Robotika en kodering is ook deel van ons leerprogram. Ons lekker groot en goed ingerigte speelpark verseker groot motoriese ontwikkeling.

Ons is `n toegewyde span onderwysers wat met liefde en sorg u kind voorberei vir Graad 1.

JORDANIA R

*"Waar elke kleuter spesiaal is"*

# KOSHUIS

Ons koshuis bied 'n liefdevolle en veilige tuiste waar elke leerder waardeer en as individu ondersteun word. Gegrond op Christelike waardes, skep ons 'n omgewing van respek, omgee en verantwoordelikheid.

Met toegewyde toesig en ondersteuning verseker ons dat elke kind akademies én persoonlik kan groei.

By ons heers daar 'n warm huislike atmosfeer waar vriendskappe gebou word en lewenslange herinneringe gekweek word.

Koshuis Bankbesonderhede:
Jordania Koshuis
Standard bank
REK no: 147335108
Verwysing: Kind se naam en van.



# AKADEMIE

## Akademiese standaard

Akademie is Primêre Skool Jordania se hoogste prioriteit. Ons streef na `n hoë akademiese standaard, waar die maksimale ontwikkeling van elke leerder nagestreef word. Ons maak gebruik van die jongste metodes en nuutste tegnologie in ons klaskamers en deur addisionele beheerliggaamposte, sien ons toe dat klasgetalle so laag as moontlik gehou word. Jordania se leerkragte werk met entoesiasme om `n positiewe onderrig-en leerklimaat in die skool te skep.

## Kurrikulum

**Graad R tot 3 (CAPS)**

**Graad R**
Afrikaans
Wiskunde
Lewensvaardighede

**Graad 1**
Afrikaans
Engels FAL
Wiskunde
Lewensvaardighede
Suid-Sotho

**Graad 2**
Afrikaans
Engels FAL
Wiskunde
Lewensvaardighede
Suid-Sotho

**Graad 3**
Afrikaans
Engels FAL
Wiskunde
Lewensvaardighede
Suid-Sotho

**Graad 4 tot 6 (CAPS)**

Afrikaans Huistaal

Engels FAL

Wiskunde

Natuurwetenskappe & Tegnologie

Sosiale Wetenskappe

Lewensvaardighede bestaan uit:

- Liggaamlike Opvoeding
- Skeppende Kuns
- Persoonlike ontwikkeling

**Graad 7 (CAPS)**

Afrikaans
Engels FAL
Wiskunde
Natuurwetenskap
Tegnologie
Sosiale Wetenskappe
Lewensvaardigheid
Skeppende Kuns
Ekonomiese- en bestuurswetenskappe

# AKADEMIE

## ONDERSTEUNING EN AANVULLING TOT DIE KURRIKULUM

- Goed toegeruste klaskamers.
- Skoolrekenaars, slimborde, televisies en digitale projektors wat leerkragte in staat stel om Powerpoint Lesse aan te bied.
- Hoë-spoed internetvesel in alle klasse wat geleenthede skep om lesse te verryk.
- Leerderondersteuningssentrum (OO, SO, Arbeidsterapie, Spraakterapie, ens.)

## VERDERE GELEENTHEDE

- Kunskompetisies, Kunswedstryde, Departementele vasvraewedstryde, Expo's, Redenaarskompetisies, Entrepreneursdae, deelname aan Conquesta Olimpiade en opvoedkundige uitstappies.
- Ondersteuningsklas waar leerders met leerhindernisse of –agterstande ondersteun word.
- Samewerking met nodige terapeute vir leerders met uitdagings en leerhindernisse.

# KULTUUR

Primêre Skool Jordania is baie meer as `n sterk akademiese instansie of `n kompeterende sportteenstander. Dit is `n plek waar leerders `n wye blootstelling tot `n verskeidenheid van kultuuraktiwiteite kry. Hierdeur kry hulle die geleentheid om in goed toegeruste volwassenes te ontwikkel.

## Jorrievaria (Senior Musikale Kaleidoskoop)

Jorrievaria is `n musikale beweging, baanbrekend en eksperimenteel. Jorrievaria beweeg weg van tradisionele style en tree in `n ruimte in waar musiek abstrak, nuut en vooruitstrewend is. Ons fokus op: Nuwe klanke, nuwe maniere van optree, beweging, drama en visuele kuns as deel van die uitvoering, uitdrukking, emosie en kreatiwiteit. Jorrievaria is `n grensverkuiwende musiekbeweging!

## Die Blouvinkies (Junior Musikale Kaleidoskoop)

Vanaf 2024 het Jordania `n junior musikale kaleidoskoop, naamlik Die Blouvinkies. Die leerders van die Blouvinkies kry geleentheid om by verskeie kunswedstryde deel te neem sowel as by ons Prestige Kultuuraand elke 2de jaar. Hier fokus ons grootliks op sang en vermaaklikheid.

## REDENAARS

Hier by Jordania is ons baie entoesiasties oor Redenaars en poog ons om soveel moontlik leerders daaraan bloot te stel, juis omdat dit `n vaardigheid is wat hul die res van hul lewe kan gebruik.

Ons hou `n interne redenaarskompetisie elke jaar in Februarie by die skool en skryf die leerders vir die ATKV se redenaarskompetisie in.
Alle redenaars kry egter die geleentheid om by verskeie kompetisies en feeste deel te neem. Ons neem jaarliks deel aan die Radikale Redenaars, Super 8, Senekal Redenaarsfees, Gladdebek Redenaars en Skerpioenfees.

# KULTUUR

## VOORTREKKERS

Hierdie jaar is Die Voortrekkers 95 jaar oud. Kom wees deel van die Vories.  Met kampe en spanbou in die natuur, kentekens, pret & kultuur. Bou van Christelike waardes, leierskap en lekker stap. Elke maat kan daarby baat, dis wat Voortrekkers lekker maak!

## POM-POMS



Vir die afgelope 14 jaar word Pom-Poms by Jordania aangebied. Dit is slegs vir dogters van graad R tot 3.  Hierdie aktiwiteit se gewildheid het baie toegeneem die laaste paar jaar en die groep word gereeld gevra om by funksies en skoue op te tree en neem gereeld aan kompetisies deel, waar hul altyd goed vaar. Die Pom-Poms kweek selfvertroue by die meisies aangesien hulle gereeld by optredes betrokke is.

## EISTEDDFOD

Ons leerders kry die geleentheid om elke 2 jaar aan die Bethlehem Eisteddfod deel te neem.  Leerders word ingeskryf in verskeie afdelings. Ons leerders vaar baie goed elke jaar en ons behaal `n groot hoeveelheid A++, A+++ en meriete sertifikate. Leerders wat goed vaar tydens die kunswedstryd kry dan ook die geleentheid om elke 2de jaar by ons Prestige Kultuuraand op te tree. Hierdie is `n spoggerige geleentheid waar leerders van Jordania hulle kultuurtalente met ons deel.

# SPORT

## RUGBY




Ons poog om alle leerders te betrek by een van die verskeie sportsoorte wat aangebied word. Deur aan `n spansport of as individu deel te neem, vorm `n integrale deel van elke leerder se opvoeding.

By Jordania is rugby meer as net sport. Rugby leer ons seuns hoe om `n ordentlike jong man te wees met waardes wat ons uit die sport kan leer. Meer as 250 seuns is aktief betrokke. Formele afrigting vind plaas vanaf o/7 tot o/13. Die oefening begin reeds in Februarie en duur voort tot aan die einde van die tweede kwartaal.

Jordania bied ook jaarliks die Jordania/Witteberg rugbyweek aan. Skole van die Vrystaat, Gauteng, Noordwes en Mpumalanga neem hieraan deel. Ons A, B en C-spanne neem in die Wesgrow-liga deel. Skole wat in die liga deelneem is: van Bethlehem, Bloemfontein en Kroonstad. In die liga is dit skole wat net een span het en ook groter skole se B-spanne. So verseker ons dat die seuns almal `n geleentheid kry en om ook kompeterend te wees. Ons mini-rugby speel in minstens 4 rugbydae en ons jaarlikse Gr. R Rugbydag bly `n hoogtepunt.

Super 8 Toernooi is die jaarlikse hoogtepunt. Skole in die Noordelike halfrond is baie sterk kompetisie. Jordania is die enigste skool in die Oos-Vrystaat wat deelneem aan Super 8.

## KRiEKET



Primêre Skool Jordania neem al jare aan die Thabo Mofutsanyana (Oos-Vrystaat) se nie-amptelike liga deel. Ons slaag daarin om elke jaar ten minste drie spanne per ouderdomsgroep in te skryf vir wedstryde. Ons A, B en C-spanne neem deel aan die vaste bepalings terwyl ons vriendskaplike wedstryde vir die D-spanne reël.

Jordania beskik oor `n netjiese, afsonderlike krieketveld, wat net 800m van die skool geleë is en ingerig is met `n grasdaklapa, `n groot kolfblad en vier krieketnette van hoëstaande gehalte. Ons A-spanne neem reg deur die krieketseisoen aan verskeie toernooie deel. Ons A-spanne speel ook buite die grense van die Oos-Vrystaat om teen sterker skole mee te ding en meer blootstelling te kry. Ons neem deel in die onderskeie mini-krieket, o/9, o/11 en o/13 ouderdomsgroepe. Die afgelope 14 jaar het Jordania jaarliks die meeste Oos-Vrystaat Krieketspelers in die Thabo Mofutsanyana distrik opgelewer, asook die meeste Vrystaat krieketspelers van al die betrokke skole.

# SPORT

## LANDLOOP

Landloop bied `n uitstekende geleentheid vir deelname aan `n sportsoort. Enige kind is welkom, ongeag van hul fiksheidsvlak. Ons glo `n gesonde liggaam, kweek `n gesonde verstand. Kinders kry reeds op `n vroeë ouderdom die geleentheid om vasberadenheid, getrouheid en deursettingsvermoë te ontwikkel.

Die landloop atlete oefen byna die hele jaar, omdat dit juis vir kinders die geleentheid bied om fiks te wees vir ander sportsoorte. Die Oos-Vrystaat liga strek vanaf die tweede kwartaal tot aan die einde van die derde kwartaal.

## HOKKIE DOGTERS

Jordania hokkie-bokkies woeker met hul hokkie talent op verskeie gebiede. Ons skryf jaarliks 5 liga-spanne in die Oos-Vrystaat liga in, waar ons jaar na jaar baie goed vaar met al ons spanne. Toere word gereël en ons ding kompeterend mee teen baie groter skole regoor die land.

Die mini-hokkie bokkies staan vir niks of niemand terug nie. Ons speel gereeld in verskeie toernooie waar ons afrigters wat ook provinsiaal afrig en as skeidregters optree.

## HOKKIE SEUNS

Jordania se seunshokkie het die afgelope paar jaar `n krag in die Oos-Vrystaat geword om mee rekening te hou. Ons bied mini-hokkie en seniorhokkie aan. Die mini-hokkie dra daartoe by dat die seniorspanne baie goeie sukses in die onderskeie ligas behaal.

Ons is dan ook bevoorreg om die laaste aantal jare in die Oos-Vrystaat se ligafinaal te speel. Die seniorseuns neem ook aan die Noord-Vrystaatproewe deel waar `n Noord-Vrystaatspan gekies word om aan die Interprovinsiale toernooi (IPT-Toernooi) deel te neem.

# SPORT



## NETBAL

Jorrie- Netbal is tops! Ons spog met ons dogters wat van o/7 tot o/13 aan verskeie wedstryde en toernooie deelneem. Ons mini-netbal neem deel aan toernooie deur die loop van die seisoen waar elke dogtertjie `n geleentheid kry om haar netbalvaardighede ten toon te stel.

Ons o/9 tot o/13 spanne neem nie net aan die Thabo Mofutsanyana liga deel nie, maar ook aan die Wesgrow reeks waar ons teen sterk kompetisie te staan kom met al ons spanne (A-C). Afrigters word jaarliks blootgestel aan kursusse en klinieke om op hoogte te bly van die nuutste afrigtingstegnieke. Op provinsiale vlak lewer ons gereeld Vrystaatspelers wat aan die Nasionale kampioenskappe deelneem. Jorrie-Netbal gaan elke jaar van krag tot krag.

Super 8 Toernooi is die jaarlikse hoogtepunt. Skole in die Noordelike halfrond is baie sterk kompetisie. Jordania is die enigste skool in die Oos-Vrystaat wat deelneem aan Super 8.

In 2025 is die o/12A Netbalspan onoorwonne in hul liga en neem deel aan die jaarlikse Vrystaat Kampioenskappe wat in Bloemfontein plaasgevind het. Tydens die kampioenskap is hul onoorwonne en tree uit as die Vrystaat o/12 Kampioene wat outomaties dan aan die jaarlikse SA's deelneem, wat in Polokwane plaasgevind het. Die span het hul skool en provinsie met trots verteenwoordig en behaal 'n 16de plek in die land.

## ATLETIEK



Ons missie met atletiek is om elke kind ten volle te ontwikkel om sy/haar volle potensiaal op die atletiekveld te bereik. Ons het van die top afrigters in die Oos-Vrystaat. Nie net bou ons die kind se selfbeeld op nie, maar word daar ook Christelike waardes en beginsels by ons atlete vasgelê.

## TENNIS



By Jordania is tennis vir ons `n baie hoë prioriteit. Daar word aan elke leerder die geleentheid gebied om tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel en die sport van beginners tot Vrystaatspelers te geniet.

Jordania spog met talle Oos-Vrystaat tennisspelers, asook spelers op die Vrystaat leer. Ons neem jaarliks deel aan die Bethlehem toernooie, beide o/11 en o/13, asook die Super 8 toernooi. Daar is meer as 15 tennisspanne wat aan die Oos-Vrystaat liga deelneem, waarvan vele as wenners uit die stryd tree.

# GHOLF

Jordania Primêre Skool het vanaf 2025 ’n opwindende nuwe sportinisiatief bekend gestel deur gholf as deel van ons buitemuurse aktiwiteite aan te bied. Hierdie program word aangebied deur ’n professionele gholfafrigter, Jan-Carel Rossouw, wat sy kundigheid en passie vir die sport met die leerders deel.

# FIETSRY



Bergfiets word as `n sportsoort vanaf 2021 by Jordania aangebied. Leerders word hier blootgestel aan modder, grondkoop, natuurskoon en vinnige asemhaling. Bergfietsry is `n sportsoort wat plaaslik en internasionaal meer gewild raak onder jonk en oud.  Hierdie sport bevorder sosialisering, gesondheid en intellektuele stimulering.  Bergfietsry word vir Graad 1 tot 7 aangebied.

# SKAAK



Skaak word aangebied as `n buitemuurse aktiwiteit vir Graad 1 tot 7 leerders. Skaak is nie net `n baie lekker speletjie nie; dit maak jou slim ook! Dit bevorder die ontwikkeling van beide die regterbrein (kreatiewe denke), sowel as die linkerbrein (logiese denke) en verbeter jou konsentrasievermoë.

Ons neem elke jaar deel aan die Super 8 kompetisie. Ons gevorderde spelers neem deel op provinsiale en nasionale vlak. Ons bied ook gereeld opleidingsgeleenthede vir leerders in ons streek aan.

# JORRIES VIR JESUS

“Die wat op die Here wag, kry nuwe krag.”
— Jesaja 40:31

Kom beleef die liefde van Jesus saam met ons!
Ons sing, leer uit Sy Woord en bou mekaar op.

**Woensdae oggende 07:15** in die skoolsaal.
Gr R–7 – Almal is baie welkom!



# @JORDANIA

Die @Jordania winkel het sy deure geopen na die behoefte onstaan het by ouers vir ondersteuningsdrag. Daar is baie navorsing gedoen en konsepte is ontwerp om iets eie aan Jordania te skep. Hierdie ondersteuningsdrag bring `n gevoel van familie en behoort by ons ouers.

Daar is iets vir almal by ons @Jordania winkel, wat bestuur word uit die Finansiële kantoor. Maak seker jy is deel van die span!



# Gedragskode

## VIR LEERDERS VAN PRIMÊRE SKOOL JORDANIA

- **Taalbeleid**

Die taal van onderrig by Primêre Skool Jordania is Afrikaans, soos spesifiek bepaal deur die Beheerliggaam. Respek vir ander landstale sal egter bevorder word.

- **Gedragskode en Dissiplinêre maatreëls**

**Inleiding**

Die grondslag van Primêre Skool Jordania se Gedragskode en Dissiplinêre maatreëls is:

- om `n omgewing te skep waar leerders in `n geordende en gedissiplineerde omgewing hulleself ten volle kan uitleef in groepsverband, maar ook as individue;
- om maatreëls in plek te stel wat leerders se gesindheid en gedrag in ooreenstemming bring met die etos van die skool;
- om enersyds afwykende gedrag te straf en andersyds te poog om afwykende gedrag te normaliseer;
- om maksimale betrokkenheid van ouers te bevorder by die toepassing van dissiplinêre maatreëls;
- om die filosofie by leerders te vestig dat alhoewel hulle regte het, hulle terselfdetyd ook verpligtinge en verantwoordelikhede het.

**Die Gedragskode en Dissiplinêre maatreëls is opgestel met inagneming van die bepalings van die volgende statutêre verordeninge:**

- Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
- Wet op Vrystaat Skoolonderwys 2 van 2000
- Regulasies uitgevaardig kragtens PK156 van 2001
- Riglyne vir Gedragskodes soos afgekondig in Staatskoerant 18900 op 15/05/1998
- Oorkoepelend met inagneming van die Suid-Afrikaanse Grondwet 108 van 1996

# Gedragskode

- **Fundamentele Beginsels**

Die volgende fundamentele beginsels sal te alle tye gehandhaaf word by die toepassing van dissipline en tug:

·Die reëls van Natuurlike Geregtigheid vorm die basis van die dissiplinêre proses.
·Straf moet in verhouding tot die erns van die oortreding toegepas word.
·Geen leerder sal onderwerp word aan lyfstraf of enige onmenslike of vernederende straf nie.
·Geen leerder sal voor mede-leerders verneder word nie.
·Elke leerder wat beskuldig word van, of aangekla word van enige oortreding, sal die geleentheid kry om sy/haar kant van die saak te stel.
·Elke leerder sal die geleentheid gebied word om by tugverrigtinge m.b.t Kategorie B & C oortredings deur sy/haar ouers of gedelegeerde volwassene bygestaan te word.
·Tugmaatreëls is daarop gerig om die goeie orde te handhaaf en is primêr korrektief van aard.

- **Die reg op visentering van leerder of hul eiendom**

Wanneer die Skoolhoof of enige Opvoeder `n redelike vermoede het, gegrond op inligting dat `n leerder in besit is van enige onbehoorlike voorwerp(e) en/of artikel(s), mag so `n leerder of sy/haar eiendom geviseteer word. Onbehoorlike artikels of voorwerpe sluit o.a die volgende in, welke lys egter nie `n geslote lys is nie, maar in die diskresie van die Skoolhoof en Adjunkhoof uitgebrei mag word: gevaarlike wapens, soos vuurwapens en messe, dwelms, sterk drank, pornografiese materiaal of voorwerpe, of vermoedelik gesteelde eiendom.

Visentering sal nie geskied in die teenwoordigheid van ander leerders nie. Seuns sal net fisies geviseteer word deur `n manlike opvoeder wat verkieslik deur `n tweede manlike opvoeder bygestaan sal word. Dogters sal slegs deur `n vroulike opvoeder geviseteer word, verkieslik bygestaan deur `n tweede vroulike opvoeder. Visetering sal volgens die aanvaarbare riglyne geskied.

# Gedragskode

- **Grondbeginsels waarop die ordestelsel gegrond is:**

Die algehele stelsel is gefundeer op waardes en beginsels.

- Hierdie stelsel word geïmplimenteer om die beheer en dissipline effektief en vaartbelyn te maak.
- Hierdie stelsel is daarop gemik om kommunikasie tussen ouers en opvoeders te verbeter sodat `n gesamentlike poging aangewend kan word om `n sukses van leerders se opvoeding te maak.
- `n Opvoeder by die skool sal oor dieselfde regte as `n ouer beskik om die leerder ingevolge die gedragskode te dissiplineer. Gedurende die tyd wat die leerder die skool, asook enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteite bywoon.
- Die uitsluitlike doel is om leerders op te voed, te leer en te lei om uiteindelik welaangepaste leerders en volwassenes te word, en ons nie sal verslap in hierdie strewe van ons nie.

M.b.t uitstappies, toere, ligabepalings, ens. word `n baie groot verantwoordelikheid op die Opvoeders geplaas wat hier betrokke is. Leerders wat ongedissiplineerd is, klasse ontwrig en geen respek betoon vir Opvoeders, mede-leerders en ander se eiendom nie, sal dus nie oorweeg word vir bogenoemde aktiwiteite nie. Opvoeders behou hulle die reg voor om te weier dat sulke leerders `n span of groep vergesel.

Sulke aangeleenthede sal hanteer word deur die bestuurspan van die skool asook die volle personeel van die skool. Die ouers van die betrokke leerders sal ook geken word in die aangeleentheid.

JORDANIA PRIMÊR
ONS BOU

# Dissiplinêre Stelsel

**ALGEMEEN**

Oortredings word in drie kategorieë verdeel, naamlik kategorie A, B en C-oortredings. Aan elkeen van hierdie oortredings word `n sekere puntewaarde geheg. Punte word aangeteken soos die leerder oortree. Die ouers ontvang hul eerste brief sodra die leerder 40 negatiewe punte ontvang het. Die eerste keer wat ouers in kennis gestel word om die hoof te kom sien, is sodra die leerder 80 negatiewe punte ontvang het. Die leerder se probleem sal dan bespreek word.

**KATEGORIE A-OORTREDINGS: Klassituasie**

1. Huiswerk nie gedoen nie / nie voltooi nie;
2. Let nie op in die klas nie;
3. Eet in die klas
4. Boeke tuis vergeet;
5. LO-klere vergeet;
6. Taak nie voltooi of ingehandig nie;
7. Toetse en/of skrifte nie geteken nie;
8. Skeurstrokies nie terug gebring;
9. Slordige werk.

**KATEGORIE B-OORTREDINGS: Algemene gedrag**

1. Laat kom by die skool of die klas;
2. Slordigheid;
3. Verkeerde kleredrag;
4. Sonder om te reël wegbly van buitemuurse aktiwiteite;
5. Geen afwesigheidsbrief na `n afwesigheid by die skool;
6. Swak taalgebruik;
7. Eet in die klas;
8. Toetse en/of skrifte nie geteken nie;
9. Omsendbriewe / sportbriewe nie geteken nie;
10. Skeurstrokies nie terugbring;
11. Leerders in besit van selfoon;
12. Leerder se belhorlosie vir verkeerde redes gebruik.

**KATEGORIE C-OORTREDINGS: Ernstige oortredings**

Die volgende word as ernstige oortredings beskou en word op `n ander manier hanteer:

- Rook / Damprook (Vape) op skoolterrein;
- Sigarette / Damprook (Vape) in sy/haar besit;
- Stokkiesdraai;
- Afwesigheid van klas sonder toestemming.

Die ouers word na die skool ontbied.

# Dissiplinêre Stelsel

Die volgende word as baie ernstige oortredings van die skool se gedragskode gesien en na gelang van die erns van die saak, kan dit lei tot onmiddellike skorsing of uitsetting of kan 'n finale waarskuwing dadelik aan so 'n oortreder gegee word.

1. Aanranding;
2. Diefstal;
3. Vandalisme;
4. Pornografiese leesstof in sy/haar besit;
5. Bedrog;
6. Gebruik, of in besit van alkoholiese drank;
7. Uitdagende, onbeskofte gedrag teenoor die personeel;
8. Gebruik van sosiale media om onderwysers / maats te bespreek / sleg te sê;
9. Dwelms;
10. Rassediskriminasie.

In die grondslagfase sal leerders tydens tweedepouse in die vierkant by die saal sit, vir elke 10 punte wat afgetrek word.

## LEERDERBETROKKENHEID

Lede van die leierraad kan ook oortredings van die gedragskode aan die hoof rapporteer. Leerders word ook gedurig op hoogte van die gedragskode, die skoolreëls en die strafstelsel gehou.

Beloning: Leerders wie uitstekende werk, diens of gedrag lewer, sal kredietpunte ontvang.

Toere of uitstappies (opvoedkundig): Indien 'n leerder meer as 120 (honderd en twintig) punte verloor het vir gedragsoortredings, verbeur hy/ sy die geleentheid om aan bogenoemde geleenthede deel te neem.

## DOEL

Volgens Artikel 8 (2) van die SA Skolewet (8) (2), 84 van 1996 is die doel van 'n gedragskode om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, wat toegewyd is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses te vestig.
Primêre Skool Jordania se doel met die gedragskode is dus :

- Om positiewe dissipline te bevorder
- Om selfdissipline aan te leer
- Om voorbeeldige gedrag te bevesitig.

Alhoewel Artikel 5 (3) (b) van die SA Skolewet bepaal dat 'n leerder nie toelating tot die skool geweier kan word omdat sy of haar ouers nie die missiestelling van die skool onderskryf nie, word dit in Artikel 8 (4) van hierdie wet baie duidelik gestel dat "Geen bepalings van hierdie wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, nie na te kom nie." Dit beteken dat alle leerders van Primêre Skool Jordania aan die vereistes van die gedragskode moet voldoen.

# Dissiplinêre Stelsel

**DEBIETSTELSEL**

Die registeronderwyser van 'n klas moet weekliks die d6-verslae van daardie klas kontroleer om seker te maak of daar nie leerders is wat briewe moet ontvang nie.
Die registeronderwyser moet dus seker maak dat die nodige briewe betyds na die ouers uitgaan en die afskeurstrokies terug ontvang word.

| | |
|---|---|
| 40 punte verloor: | Brief aan ouers wat hulle in kennis stel van oortredings. |
| 80 punte verloor: | Brief aan ouers, detensie. |
| 120 punte verloor: | Brief aan ouers, hulle moet die Skoolhoof kom sien. |
| 160 punte verloor: | Brief aan ouers wat hulle in kennis stel van detensie. |
| 200 punte verloor: | Brief aan ouers, hulle moet die hoof kom sien. Een week uitsetting uit klasse. |
| 240 punte verloor: | Tugverhoor. |

Tydens die tugverhoor sal daar besluit word of die leerder nog 'n kans gegee sal word en of dit na die dissiplinêre komitee verwys sal word.
Die ouers moet onmiddellik in kennis gestel word met enige van die stappe deur die registeronderwyser. Die skeurstrokie moet die volgende dag teruggebring word. NB: Die registeronderwyser moet dit veilig bewaar. Indien daar 'n verhoor gehou moet word, moet alle stappe getoon kan word wat uitgevoer is deur die skool se dissiplinêre stelsel.

**ALGEMEEN**

- Die kennisbriewe moet volledig ingevul word.
- Die gee van punte aan die leerders moet oordeelkundig en konsekwent wees.
- Pasop om vir 'n hele klas punte te gee wat se huiswerk onvoltooid is.
- 'n Leerder kan nie meer as een keer punte in 'n periode vir dieselfde oortreding kry nie.
- Huiswerk van 'n leerder is nie gedoen nie, maar die onderwyser kyk eers twee dae later daarna, dan mag die leerder nie 20 minuspunte kry nie, dit bly 10 minuspunte.
- Indien 'n leerder deur die jaar meer as 120 punte vir gedragsoortredings ontvang, diskwalifiseer hy/sy hom/haarself vir toere of uitstappies.
- Die week waartydens die leerder klasbywoning geweier word, mag hy/sy aan geen ander skoolaktiwiteite deelneem nie, sport ingesluit.
- Kredietpunte kan nie gebruik word om debietpunte teen te werk nie. Dit is slegs geldig wanneer belonings aan die einde van die jaar bepaal word.

# Dissiplinêre Stelsel

**Samestelling van die tugkomitee :**

Hoof, adjunkhoof, registeronderwyser betrokke, die OO / SO opvoeder en 'n leerder verteenwoordiger, bv. ouer van die leerder. (Registeronderwyser is verantwoordelik vir die hou van die notule.)

**Samestelling van die dissiplinêre komitee:**

Voorsitter van die beheerliggaam, hoof , adjunkhoof , registeronderwyser betrokke, OO / SO opvoeder en 'n leerder verteenwoordiger, bv. ouer van die leerder. (Registeronderwyser is verantwoordelik vir die hou van die notule.)

**DISSIPLINÊRE PROSEDURES**

• Die leerder het die reg om teen die dissiplinêre komitee se uitslag te appelleer by die hoof van die Departement van Onderwys.
• Elke saak sal volgens die graad van die oortreding so hanteer word dat die leerder en die gemeenskap bevoordeel sal word.
• Die menswaardigheid en regte van die leerder sal ten alle tye gerespekteer word;
• Die ouers mag die verhoor bywoon en ook insae lewer, die leerder het ook die reg om iemand te kry wat as getuie kan dien;
• Die totale verloop van die gebeure sal in die komitee se verslag verskyn en in die leerder se lêer geliasseer word;
• Die onderwysdepartement gee finale goedkeuring vir handeling met die leerder, veral in die geval van skorsing.

Aanbevelings wat deur die dissiplinêre komitee gemaak kan word:

• Gemeenskapsdiens by die skool of elders;
• Geldelike vergoeding vir die party/e teen wie die oortreding begaan is;
• 'n Finale waarskuwing;
• Tydelike uitsetting;
• Permanente uitsetting.

# Bestuurspan

**Skoolhoof:**
**Mnr. S Bester**

**HOD GF:**
**Me. S Kruger**
Grondslagfasehoof

**HOD ISF:**
**Mnr. D Van Wyk**
Dissiplinehoof

**Interne HOD ISF (BL):**
**Me. S Stoffberg**
Akademie Gr. 4-7

**Interne HOD GSF (BL):**
**Me. E van Huyssteen**
Gr. 3 Graadhoof
Broodjieprojek (GSF)

**Interne HOD ISF (BL)**
**Me. F vd Schyff**
Lees- en taalontwikkeling

**Interne HOD ISF (BL):**
**Me. C van Schoor**
Fondsinsamelings/Bemarking

**Gr. R Graadhoof:**
**Me. A Nel**
Gr. R Bemarking

**Gr. 1 Graadhoof:**
**Me. N De Bruin**
Waardesprogram

**Gr. 2 Graadhoof:**
**Me. Y Linström**
Herwinningsprojek

**Gr. 4 Graadhoof:**
**Me. T du Plessis**

**Gr. 5 Graadhoof:**
**Mnr. Ben Rheeder**
Skool Geesbou

**Gr. 6 Graadhoof:**
**Me. N Truter**
Handboeke

**Gr. 7 Graadhoof:**
Mr. H De Bruin
Leiers
SA-SAMS

# Beheerliggaam

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Stefan Bester**<br>Skoolhoof | **084 675 8747** | **Juan Truter**<br>Ondervoorsitter, Sport | **083 552 9496** |
| **Dian van Wyk**<br>Leerdersake, Dissipline | **082 617 8246** | **Janine Helmand**<br>Ouerkomitee, Projekte | **084 774 9300** |
| **Nadine Pretorius**<br>Sekretaress, Administrasie | **082 784 7240** | **Lizana Müller**<br>Kultuur, Bemarking | **083 277 0904** |
| **Carli van Schoor**<br>Projekte, Bemarking | **082 774 3256** | Jaclin van Rooyen<br>Tesourier, Finansies | 084 573 7728 |
| **Rudi Jansen van Vuuren**<br>Voorsitter, Koshuis | **082 829 6651** | | |

# Jordania Aktiwiteite — Kontakpersone

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Spotorganiseerder**<br>Francois Grové<br>076 235 6228 | **Atletiek**<br>Elicia Jacobs<br>076 091 2787 | **Netbal**<br>Nadia Truter<br>079 883 6796 | **Rugby**<br>Francois Grové<br>076 235 6228 | **Hokkie**<br>René van Staden<br>073 669 1890 |
| **Krieket**<br>Francois Grové<br>076 235 6228 | **Tennis**<br>Elicia Jacobs<br>076 091 2787 | **Kultuur**<br>Tanya du Plessis<br>082 492 3727 | **Skaak**<br>Frances vd Schyff<br>083 677 8356 | **Redenaars**<br>Frances vd Schyff<br>083 677 8356 |
| **Koor**<br>Tanya du Plessis<br>082 492 3727 | **Voortrekkers**<br>Anika Welman<br>082 223 8686 | **Bergfietsry**<br>Sjhanet Grobler<br>083 395 5273 | **Landloop**<br>Dingena de Klerk<br>071 606 4317 | **Pom-Poms**<br>Angé Nel<br>083 662 4727 |
| **Media Sentrum**<br>Tanya du Plessis<br>082 492 3727 | **Entrepreneurs**<br>Hesté van Niekerk<br>083 928 6151 | **Musiek (Klavier)**<br>Estelle Visser<br>072 214 4941 | **Musiek (Kitaar)**<br>Ben Rheeder<br>073 190 5223 | |

# Nasorg en Privaat Akademies — Kontakpersone

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Nasorg**<br>Saron Venter<br>079 759 6362 | **Nasorg**<br>Franza de Clerk<br>083 210 7803 | **Nasorg**<br>Mariaan van Niekerk<br>082 562 6362 | **Nasorg**<br>**Joma Wessels**<br>063 771 9115 |
| **Gholf**<br>Jan-Carel Rossouw<br>076 196 9644 | **Tennis**<br>Marette du Toit<br>082 378 2655 | **Tennis**<br>Lyndon v/d Haer<br>082 441 6379 | **Tennis**<br>Björn Barends<br>082 787 6595 |
| **Tennis & Gholf**<br>Rolf Busch<br>082 377 9533 | **Gimnastiek**<br>Jaco Cilliers<br>082 084 4111 | **Dans**<br>Nadine Mollentze<br>074 468 6710 | **Dans**<br>Gail de Villiers<br>083 463 2439 |
| **Dans**<br>Sarah van Staden<br>082 820 1563 | **Swem & Biathlé**<br>Bethseals - Tina Nel<br>083 459 1363 | **Swem**<br>Ebarnie Cilliers<br>082 822 8992 | **Playball & Swem**<br>Marilé de Beer<br>083 381 5844 |
| **Drama**<br>Ronel van Heerden<br>084 534 1635 | **Kuns**<br>KinderArt<br>Vinia Wheatley<br>082 565 0701 | **Wiskunde**<br>Master Maths<br>082 959 3980 | **Wiskunde**<br>Ronel du Preez<br>083 260 5385 |
| **Slimwees Pret & Wiskunde**<br>Zelda Jacobs<br>076 467 9893 | **Tina Cowley Lees**<br>Paul Brussow<br>083 459 1358 | | |

# Leerderondersteuning — Kontakpersone

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Arbeidsterapie**<br>Barbara Zietsman<br>082 957 5822 | **Spraak & Taal**<br>Marcelle Erasmus<br>084 900 6552 | **Lees & Wiskunde**<br>Mareli Swart<br>061 857 4514 | **Edublox**<br>Michelle v Deventer<br>072 413 7206 | **Master / Miki Maths**<br>René Bakker<br>082 870 9746 |
| **EQ4Kids**<br>Amelia Hill<br>082 576 5774 | **Neuroworx**<br>Elmien Bezuidenhout<br>084 514 3385 | **Tina Cowley**<br>Paul Brussow<br>082 822 4018 | **Kinderkinetika**<br>Mareli Holtzhausen<br>082 336 4397 | **Playball**<br>Mareli de Beer<br>083 381 5844 |

*Skoolgereedheid / Studiemetodes / Spelterapie / Emosionele ondersteuning / Skolastiese toetsings / Gehoor / Sig*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Zandri Grimbeek**<br>083 699 3611 | **Yolandi Heyns**<br>083 406 0350 | **Adél Sieberhagen**<br>082 410 6381 | **Hanmarié Lombard**<br>082 872 7162 | **Lonique Erasmus**<br>Gehoortoetsing<br>083 560 8829 |
| **Reinecke de Jager**<br>058 303 1101 | **Annelie Botha**<br>Spelterapie<br>082 562 8572 | **Suster Marina Kroukamp**<br>Gesondheidsorg<br>076 422 5553 | | |

# *Skoollied*

Op die Hoogland van Jordania
Staan `n skool volwaardig sterk.
Dis die Volkskool van Jordania
Waar ons met ywer werk.
Ons snoer ons lewenskragte saam
Om toekomswerk te bou.
Ter ere aan ons skool se naam
En aan ons leuse trou.
Ons bou. Laat dit ons skrewe sy.
Ons bou. Ons skool aan jou.
Ons bou. Daarmee wil ons bely.
Aan onsself en aan God getrou.

# *Visie*

Ons is mede verantwoordelik vir ons leerders se toekoms.

# *Missie*

Ons missie is dat elke leerder, ouer, opvoeder, administratiewe personeellid en werker by die skool, deel sal wees aan `n hegte band, gesmee deur wedersydse lojaliteit, vertroue en liefde.

Ons bied lewensruimte, geleenthede, kennis en geleerdhied binne gemeenskaplike waardes en norme.

# SKOOLKLERE









100% JORRIES

100% JORRIES

*Groei in dankbaarheid*

Primêre Skool Jordania


**Van Riebeeckstraat,**
**Jordania, Bethlehem**
**Posbus 474, Bethlehem, 9700**
**Tel: 058 303 4116 • Faks: 058 303 4264**
**E-pos: jordania@jordaniapri.co.za**
**Webtuiste: www.jordaniaprimer.co.za**


Akademie · *Sport* · *Kultuur*